Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

9 Maart 2022
Nuusbrief No 9

Liewe Ouers,
Soos gewoonlik snel die tyd verby en kan 'n mens nie glo dat die eerste kwartaal byna op sy einde is nie. Ons kindertjies het hierdie kwartaal so mooi gevorder en geleer, en sommer net 'n bietjie groter geword. Dankie vir u as ouers wat soveel in u kinders belê en die pad vorentoe vir hulle plavei deur goeie gewoontes te vestig en bowenal 'n goeie voorbeeld te wees. Deur klein aksies in ons alledaagse lewe sien ons kinders ons voorbeeld en voorgaan raak. Dit is tog waar dat ons kinders doen wat ons doen, en nie wat ons **sê** hulle moet doen nie.

In 'n Baba en Kleuter tydskrif lees ek dat verbale kommunikasie maak die kleinste deel van die kommunikasie met jou kind uit – slegs 7%, terwyl nie-verbale kommunikasie soos liggaamshouding en oogkontak 55% en stemtoon 35% uitmaak. Dis iets om te oordink.

Die kwartaal se Inskakelingsverslae word 17 Maart huis toe gestuur. Lekker lees!

~ Riekie ♥

Buitemuurse Aktiwiteite:

- Graag wil ons 'n beroep op u doen om ons te help met die aantrek van u kind se Buitemuurse klere.
- Dit gebeur met Tennis, Playball, Dansmuis en Balletmuis dat u u kind se tekkies en klere saamstuur om aan te trek.
- Die kinders kan nog nie self aantrek nie en dit veroorsaak dat die personeel vier of vyf kinders op 'n slag moet help aantrek voor hulle na die aktiwiteit kan gaan. Dit mors die afrigters se tyd, asook Juffrou wat nie met die res van die kinders kan aangaan nie. Voor die Buitemuurse aktiwiteite is ons so besig met die program, dat daar nie regtig tyd is om vooraf aan te trek nie.
- U sal ons baie help indien tekkies en klere reeds tuis aangetrek word. Ons sien dat van die dogtertjies net hulle Tutu's bo-oor hul gewone klere aantrek, wat baie tyd spaar. Indien die kinders weer moet uittrek, onthou net om ekstra klere saam te stuur.

Eerstedag Foto's:

- Onthou asseblief dat die afsnydatum vir die Eerstedag Foto's reeds verby is.
- U moes self u bestelling na die fotograwe ge-e-pos het. Die personeel ontvang nie u bestellings nie.

Pretloop:

- Kan ons asseblief vra dat alle Pretloop betalings afgehandel word teen Vrydag.
- Projeknommer **P729.**
- Nogmaals dankie vir almal se bydraes.

Waterkaskenades: Vrydag 11 Maart 2022:

- Al ons groepe gaan Vrydag Waterkaskenades hou.

- Trek asseblief Vrydag Parkieland T-hempies aan en smeer asseblief sonblok aan u kleuter se gesig en arms, hoewel die meeste aktiwiteite in die koelte plaasvind.
- Ons gaan nie sopnat word nie, maar maak tog seker u kind het ekstra klere in sy/haar laaitjie.

SKOOLVAKANSIEDAE EN SKOOLKWARTALE 2022:

- **Vir u inligting gee ons die volgende belangrike datums deur:**

EERSTE KWARTAAL:

Donderdag	**17 Maart:**	**Skool sluit 10:00 vir halfdagkinders**
		Vakansieskool tree in werking
Maandag	**21 Maart:**	**Menseregtedag**

TWEEDE KWARTAAL:

Dinsdag	**5 April**	**Skool open**
Vrydag	**15 April:**	**Goeie Vrydag**
Maandag	**18 April:**	**Gesinsdag**
Woensdag	**27 April:**	**Vryheidsdag**
Sondag	**1 Mei:**	**Werkersdag**
Maandag	**2 Mei:**	**Publieke vakansiedag**
Maandag	**30 Mei:**	**Parkieland word 21!**
Donderdag	**16 Junie:**	**Jeugdag**
Vrydag	**17 Junie**	**Skoolvakansiedag**
Vrydag	**24 Junie:**	**Skool sluit**

DERDE KWARTAAL:

Dinsdag	**19 Julie:**	**Skool open**
Maandag	**8 Augustus**	**Skoolvakansiedag**
Dinsdag	**9 Augustus:**	**Nasionale Vrouedag**
Saterdag	**24 September:**	**Erfenisdag**
Vrydag	**30 September:**	**Skool sluit**

VIERDE KWARTAAL:

Dinsdag	**11 Oktober:**	**Skool open**
Woensdag	**14 Desember:**	**Skool sluit (Geen Vakansieskool)**
Vrydag	**16 Desember:**	**Versoeningsdag**
Sondag	**25 Desember:**	**Kersdag**
Maandag	**26 Desember:**	**Welwillendheidsdag**

Gedagte vir die week:
"Verhef jou woorde, nie jou stem. Dit is die reën wat die blomme laat groei, nie die donderweer nie."

Hoop u het elkeen 'n Geseënde week wat voorlê.
♥PARKIELAND♥GEE♥OM♥

Vriendelike Parkieland-groete.

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

HEELTYD SPEELTYD!

Ons het kleilyfies hierdie week gemaak. Die peuters was baie trots op hulle "mannetjies!"

Het jy geweet wanneer jong kinders met klei speel:

- Word verskeie spiere ontwikkel in hul vingers, hande en gewrigte.
- Hul verbeelding word uitgebrei.
- Selfbeeld word ontwikkel (geen regte of verkeerde manier van speel.)
- Lewensvaardighede, taal- en wiskundebegrippe ontwikkel.
- Dit is kalmerend en ontlaai spanning.